

Skriflesing: Jesaja 53; 1 Petrus 3:8-22

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 15**

Teks: Jesaja 53:3; 1 Petrus 3:18a

Sing- SAMESANG- Ps.6:1,4

TYDENS EREDIENS- Ps.105:1,10; Ps.86:1; Sb.10:1,5,6

Dit is 'n woordjie wat maklik sê- Die woord GELY, maar broeder en suster watter geweldige inhoud is in hierdie woord opgesluit. Ons was in Sondag 14 by die ontvangenis en geboorte van Christus. Jesus as Mens en hoe Hy as Mens hierdie wêreld ingekom het, was alreeds 'n geweldige vernedering. Hy wat God is, in alles het Hy God gebly, maar nou staan ons in Sondag 15 iets geweldig. Na Jesus se mensheid was daar nie 'n enkele dag op aarde wat Hy nie gely het nie. Ons belydenis stel dit so dat Jesus **na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde...die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het...** Sy hele lewe op aarde, van die eerste begin af toe was dit reeds lyding. Hy wat die gestalte van 'n slaaf, 'n dienskneg aangeneem het. Die toorn van God het veral aan die einde van Jesus se lydingspad op aarde in volle omvang op Hom neergekom- die Kategismus het ook hierdie kwalifikasie- **veral aan die einde(het) die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag...** op Jesus losgebars. Hy het dit alles moes dra!

Menslike lyding is swaar, tog erken ons dat lyding eintlik nie met die verstand deurtas kan word nie. Nie eers ons as mense se aardse lyding, die lyding wat ons baie keer moet dra, hoe min kan ons dit verstaan?! As ons nie eers die lyding in en rondom ons kan deurpraat nie, wat nog te sê die lyding wat daar op Christus was. Ons moet aanvaar ons beweeg eintlik maar in die vlakwaters van wat die werklike diepte van Jesus se lyding was. Dit is 'n see waar ons geen grond van weet, daardie lydenssee wat Christus moes deurgaen.

Ons eie lyding wat eintlik op geen manier met die volle lyding van Christus kan vergelyk nie. Die sonde is na alles die oorsaak vir Christus se verskriklike lyding. Jesaja 53 laat die woordjie **ONS-** baie duidelik hoor. *...ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor...ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel...* In hierdie geweldige profesie wys al die vingers na ons toe. Ons is die oorsaak van alles! Ons is die oorsaak daarvan, maar hier begin al iets van 'n dieptepunt al dieper te raak, soos ons die oorsaak

van die lyding is, so het Hy ook gely ter wille van ons...Hy moes voldoen in ons plek. In die Latyn sê hulle *satisfactio vicaria*- Voldoening deur plaasvervanging...Hard en naak, openlik afgryflik groot is die waarheid dat ons sy kruis opgerig het. Die mens het gemaak dat Hy wat God is gekruisig moes word. Sagter mag 'n mens dit nie stel nie. Daar is geen manier waarop die lyding van Christus sag gestel of op 'n manier weggepraat kan word nie!

Die ganse menslike geslag is in ons belydenis ingeskrywe...die hele menslike geslag sonder uitsondering is ter sprake. So grusaam was sy lyde dat selfs die son nie daarop kon skyn toe dit werklik tyd geword het, dat niks meer weggesteek kan word nie. Toe het die son weggeraak dat daardie diepste lyding selfs die lig kon dit nie verdra nie. MAAR nou is ons met die Petrus-brief ook gebring by Christus se lyde, en dit terwyl ons heeltyd sê dat Christus se lyding kan nie met ons lyding vergelyk word nie, maar tog is hier die vergelyking wat die Here Self deur Petrus maak.

Ons kan sê die hele eerste Petrus-brief is vol van die lyding wat gelowiges ook in hulle lewe deurgemaak het en nog sal deurmaak. Hfst. 2 wat met slawe praat, oor hoe hulle hul lyding sal moet dra- hulle moet gehoorsaam wees aan hulle werkgewers. Al word daar sleg teen hulle opgetree dan gee God se Woord hulle geen ruimte dat hulle maar kan ophou om gehoorsame slawe te wees nie.

Hfst. 3 skrywe van die lyding wat daar in 'n huisgesin kan kom. Gelowige mans wat opgeroep word om verstandig met hulle vroue saam te leef. Hier kom die lyding as die man verstandig wil leef saam met sy vrou maar as sy in verset is, sy is onverstandig dan kan so 'n dwase vrou dit vir haar man onhoudbaar maak. Dit sien Petrus klaar as deel van die lyding wat so 'n man moet deurgaen. Paulus het ook die omgekeerde besef as 'n vrou gelowig geword het maar haar man bly ongelowig watter lyding wag op so 'n vrou. God beveel nie die vrou om van hierdie ongelowige te skei nie, maar sy sal hierdie lyding wat nou oor haar kom moet dra soos dit 'n gelowige vrou betaam. Die moontlikheid dat sy deur te ly haar man vir Christus kan wen word selfs nie uitgesluit nie.

Lyding is in Petrus alom bekend, van alle kante ly mense en was daar vir mense nog altyd lyding gewees. 'n Mens sal nie eers 100m van hierdie kerkgebou beweeg het, of klaar staan ons gekonfronteer dat hier rondom ons baie mense is wat ly. Swaarkry staan hoër as die hoogste geboue in hierdie stad. 1 Petrus 3:9 vat die lyding van die mens nog 'n stap verder. Hoe is ons van nature daarop ingestel dat wanneer ek die een wat my laat ly kan bykom dan sal ek oombliklik dit wil laat gebeur. 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand, maar Petrus gee die beker in plaas van die vuus. 1 Petrus 3:9- *Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe...* Dit is nie maklik om dit te doen nie, baie makliker om 'n woord uit te deel waarmee ek iemand tot in sy diepste wese kan skend, maar dan is jy wat die woord laat vlieg besig om wat lyding is by die venster te wil uitgooi.

Verse 17-18 bring dit bymekaar- Lyding terwyl jy weet jy wil eintlik goed doen dit is geseënde lyding... Verse 18 is waaroor dit alles vir ons moet gaan... Die feit van Christus se lyde het ons lyde totaal verbygegaan, maar het die Here in Petrus dit so opgesom- ook wanneer jy ly moet jy vir jouself kan sê – *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring-*

Watter geweldige vergelyking wat mens uit jou eie menswees te bang sou wees om te maak, tog maak God hierdie vergelyking! Hfst.4:1 sit eintlik nog weer die kolletjie op die i, want word dit alles weer gesê- *Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte...* Oor lyding, oor die omvang, oor die diepte, oor die grense daarvan is die Petrus-brief geweldig vol, maar nou besef ons steeds al hierdie aspekte van menslike lyding staan steeds in die vlakwaters as ons die diepwaters van Christus se lyding moet inbeweeg. Watter mens, watter kind van God het werklik al so gely dat God hom/haar verlaat het dat so iemand geskei is van die liefde van die Vader. Daar is in ons lyding niks hiervan sprake nie. Trouens hoe baie keer ly ons juis gegrond op die feit dat God vir jou lief is en Hy juis deur Sy tugtiging in Sy liefde jou nader aan Hom wil trek. Hy tugtig die wat Hy liefhet.

Watter groter liefde kan daar wees as juis die feit dat God sy Seun vir ons geskenk het om in ons plek te ly. Weer en weer besef ons die feit van Christus se lyding het gekom dat al ly ons, ons lyding nie kan opweeg teen wat Hy gely het nie. Christus het gely op 'n manier wat ons nie liefde hoor nie, maar God het sy toorn oor Hom uitgegiet. Die toorn van God teen die hele menslike geslag...Besef ons werklik wat ons sê?! As Christus uitroep- *My God, my God waarom het U my verlaat...* dan is sy lyding by 'n punt gebring dat **Hy as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos...**

Christus wat deur sy lyde onder die toorn van God gekom het, maar het Hy spesifiek ook onder die oordeel van God gekom. Daarin het Hy op tweërlei wyses moes ly. Hierin is 'n negatiewe en positiewe doel in opgesluit. Die negatiewe doel dat Hy ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis kan verlos en die positiewe doel is dit wat ons alles danksy Christus kan verkry- **Hy het vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf.** Let op die geweldige teenstelling- Op grond van sy lyding ontvang ons nie die ewige dood (die verdoemenis) nie, maar let wel die ewige lewe!

Ons kan hierdie dinge nie begryp nie. Christus wat onder die geweldige toorn van God kom, Hy ly in elke deeltjie waaroor daar lyding kan kom, en tog alles omdat daar by God soveel liefde is. In sy liefde ontvlam sy toorn, want weet ons van daardie nag wat die Here Moses wou doodmaak oor sy seun nie besny was nie. Die seun wat die teken en die beloftes van die verbond weerhou word, God se verbondsteken wat in liefde geskenk is laat by die nalaat God in toorn ontvlam. Habakuk 3:2 bring dit in gebed bymekaar- as hy vir die Here vra- *In toorn, dink aan ontferming...* Om God te midde van sy toorn aan te roep dat daar ontferming kan kom is die rykdom van wat hier staan... *Want 'n oomblik is daar in sy toorn, 'n lewe in sy goedgunstigheid.* Hierdie woorde in Ps. 30:6 saam met wat in Ps.103 staan – *God sal nie vir altyd twis en die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie...*

Dit alles leef in die kern van V/A 37 as ons besef in daardie oomblikke van God se verskriklikste toorn het Hy Hom teen sy Seun gedraai, Hy het sy Seun verlaat vanweë ons

sonde. So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun vir ons gegee het...dat in die oomblikke van toorn daar vir ons die volmaakte van sy liefde 'n werklikheid kan word. Die toorn wat in oomblikke geskied, die liefde wat ewigheid terme dra...

Alleen op hierdie wyse kon daar versoening kom. Die Kategismus gebruik ook die woord- die ENIGSTE- Christus se lyding is die enigste versoeningsoffer. Die woord ENIGSTE is 'n woord wat in die hele Kategismus net agt kere voorkom maar elke keer kan ons beseef as ons belydenis hierdie woord gebruik dan word daar bedoel daar is werklik geen ander moontlikheid nie. Alleen Hy kon die oordeel van God dra.

En dit alles is deur mense volbring. Persoonsname, m.a.w. die name van gewone mense word by hoogste uitsondering in ons belydenisskrifte genoem. By die Kategismus eintlik net twee keer- en dit met die twee Sondae hier na mekaar. Sondag 14 dra die naam van Jesus se aardse moeder Maria, sy wat in haar geloof aan ons Here die aardse lewe sou skenk. Ons kan ook sê aan die begin van Jesus se lewe op aarde staan 'n vrou, aan die einde van sy lewe op aarde staan 'n man- as daar na Jesus se dood verwys word dan kan die naam van Pontius Pilatus nie van die register afgehaal word nie. Die Kategismus begin dan ook spesifiek die vraag met die woord – **WAAROM? Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?**

Hier moet ons veral twee dinge baie goed raaksien. Pilatus was 'n aardse regter. 'n Baie belangrike verantwoordelikheid wat hy wat Pilatus is gedra het. Hy verteenwoordig dan ook die deel van Christus se vonnis wat uit die oogpunt van die mens gelewer word. En watter geweldige bevinding is gemaak. Christus het geen maar geen skuld nie. Pilatus het Hom in alles ondersoek en moet hierdie aardse Regter sê- *Ek vind geen skuld in hierdie man nie* (Luk 23:4). Watter geweldige uitspraak wat hy moes maak! Uit die oogpunt van die mens, uit die oogpunt van Pilatus gesien is Christus die waarlik Onskuldige, maar tog word Hy veroordeel. Watter skreiende onreg! Die mens het die totale regspraak sy eie rekening gemaak, die gevolgtrekking was volledig- Hy is onskuldig. Die regter Pontius Pilatus het nie minder nie as vyf keer gesê dat Jesus

onskuldig is! Tog vonnis Hy Hom, Pilatus wat toegelaat het en Christus ten spyte van sy oordeel tog veroordeel het dat Hy gekruisig mag word!

Dit alles soos ons uit die oogpunt van die mens hierna kyk is alles skokkend die waarheid. Dit is 'n mens wat homself onskuldig bevind het en tog is Hy gekruisig asof Hy die Skuldige is.

Mense wat Hom, ons Here gekruisig het, maar dit bring V/A 38 ook uit 'n ander oogpunt, nl. hoe daar uit die oogpunt van God hierna gekyk moet word. God is die grootste Regter, Pilatus is slegs 'n instrument in die hande van God by Wie daar geen onreg kan wees nie. En in die hande van die God wat geen onreg sal toelaat nie het God die grootste Regter wat daar kan wees Jesus nie net voor 'n gewoon menslik Romeinse regbank gedaag nie, maar het Christus voor die hemelse Regterstoel moes verskyn. Pilatus wat teen homself vloek- Pilatus vind Christus onskuldig, tog word Hy op grond van menslike reg gevonniss. Hoe skreiend! Uit hoe God hierna sou kyk is dat Hy in Christus nie Christus sien in Wie Christus alleen is nie, alhoewel Hy alleen daar moes staan. Maar God sien in Christus daar in die regsaal van Pilatus die Man belaaie met ons sondes. Hy het alles op Hom gelaai en daarom uit die oogpunt van God is Hy wat Christus is die kruisdood dubbel en dwars skuldig.

Dit wat in die eerste Petrus-brief staan- kom weer ter sprake. 1 Pet.2:24. *Hy wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe... Watter geweldige woorde- ook as Petrus dit letterlik toepas- deur wie se wonde julle genees is.*

Baie belangrik dat hierdie geweldige proses, 'n regsproses deur Christus Self reg toegepas is. Christus erken self Pilatus se mag, want het Christus vir Pilatus dit ook reguit gesê- *U sou geen mag teen My hê as dit nie vir U van bo gegee was nie.* Daarmee erken Christus Self dat dit wat nou oor My gaan kom dat dit alles van bo kom. Dit is nie mense nie, nie Kajafas nie, nie die Sanhedrin nie, nie Pilatus nie, maar ten diepste is Hy wat hier geoordeel word deur God geoordeel. Die waarheid wat bo alles staan- waar

Pilatus as verteenwoordiger van aardse reg beskamd sou vra- wat is waarheid. Die waarheid is dat God Hom geoordeel het. God tref Jesus met sy volle oordeel. As ons belydenis die aardse regter by name noem, dan bevestig dit alles dat selfs nie net God nie, maar mense het geweet dat daar werklik in Hom geen maar geen sonde is nie. Dit is ons sonde wat gemaak het dat Hy gekom het waar ons moes kom. Voor God se regterstoel! Daar waar ons na regte moes staan, daar het Hy vir ons, in ons plek kom staan. Die *satisfactio vicario*- (voldoening deur plaasvervanging) is waar dit alles op neerkom!

So het Hy ons van God se oordeel bevry. Ons besef om onder die toorn van God te kom was Jesus nie gespaar nie. Hy het dit nog erger moes deurgaen. Die toorn van God het gemaak dat Jesus onder die oordeel van God moes kom. Hoe Hy in ons plek deur God geoordeel is. In ons plek het Hy moes kom staan. Die vraag na wat sy lyding moes wees is verskriklik. Hy wat na die dood veroordeel is. Maar nou is ons belydenis met die ergste wat daar kon wees nie klaar nie. Hy kom nie net onder die toorn en die oordeel van God nie, maar het Jesus moes kom onder die vloek van God! Hy het die dood moes sterf wat deur God Self vervloek is deur aan 'n kruis te moet sterf. Hy is nie gestenig of met 'n swaard doodgekap nie, maar hoekom Hy juis aan 'n kruis moes sterf is die volle waarheid van Sondag 15.

Die volle lyding van die kruisdood is 'n lyding na liggaam en siel. So 'n mens hang tussen hemel en aarde. Die aarde wat lyk die mens weg te stoot, die hemel wat dit nie kan ontvang nie. So 'n mens moet slegter behandel word as 'n hond. Daar is gesê die mens is so sleg, want 'n dier mag darem nog op die grond lê en vrek maar die kruiseling mag nie op die grond doodgaan nie. Hulle moet van die aarde afgestoot word. Hulle moet tussen hemel en aarde hang! Die verskriklike simboliek hieragter strek nog dieper. Deur die kruisiging het mense gemeen iemand die hel in te skuif. In die optrek aan die kruis word daar simbolies vir God gesê ons kan verder nie met so een handel nie. Ons gee die een aan U oor! U moet die swaarste oor hom bring nl. U vreeslike goddelike vloek van Godverlatenheid. Dit is wat die kruis nog altyd beteken het.

Hoe 'n mens liggaamlik deur die kruis gefolter is laat medici sprakeloos. Geen wreder dood kan daar wees nie! Daardie stadige dood waar jou hande en voete met spykers deurboor is, met die son wat op jou hele liggaam brand waaraan daar geen klere meer is nie, die son wat jou liggaam van buite brand, die koors wat jou liggaam van binne ontwikkel deur wat biologies jou hele lyf laat oorkook. Hoe Christus daar gehang het was hoe 'n mens daar hang. Hy het alle pyn en alle wonde opgedoen soos enige mens dit so deurgaans wat gekruisig sou word, maar in die geval van Christus was die lyding na sy siel dit wat geen mens sou kon deurgaans nie.

Deuteronomium 21:23 is wat met Christus gebeur- *...een wat opgehang is, is deur God vervloek...* Galasiërs 3:13 laat dit wat geskrywe is net nog weer skrywe- *Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang...* Hierdie dubbele vloek na liggaam en siel, het in die ou Israel eintlik teruggewys na 'n dubbele vloek. In Numeri 25 en 25 lees ons die verskriklike geskiedenis. Israel het in hoerery hulle aan die afgod Baal-Peor by Sittim oorgegee. So het God in sy toorn teen Israel ontvlam en het God aan Moses opdrag gegee dat Moses al die owerstes van Israel in die openbaar moes ophang, sodat God se brandende toorn van Israel afgewend kon word (Num.25:4). Manne wat wel eers met klippe doodgegooi was.

Deur die kruis daad is daar eintlik vir die Here gesê- Ons as mense het die manne reeds doodgemaak deur hulle met klippe dood te gooi, maar nou gaan ons hierdie dooie liggames kruisig ook deurdat ons wil hê dat hulle nog 'n erger dood moet sterf as die liggaamlike dood. Ons gee hulle oor aan U gerig dat U hulle ook nou verder aan die ewige dood moet oorgee. Israel se bedoeling met hierdie daad was wat ons kan noem om iemand die hel te wil laat ingaan. Op daardie kruishoogte wou hulle die hel die kruiseling laat omvou. Dit alles het in die volle lewe met Jesus gebeur. Hy is in die hande van God oorgegee dat God Hom met die straf van die ewige dood moes straf. Daar het Hy dit alles deurgegaan. As dit na alles jou weer gevra word- **Wat verstaan jy onder die woordjie, gely?!...**

Daardie drie ure aan die kruis waar Hy deur God verlate was, daar het Hy in sy lyding selfs die dieptes van die ewige dood ingegaan- Hy het die hel ingegaan, Hy het die lyding van die hel ondergaan- hoe dit ook al bewoord kan word, ons kan dit eintlik nie bewoord nie...dit is te erg vir woorde! Die vloek wat daar op my gelê het, daardie vloek het Hy op Hom geneem. Weereens *satisfactio vicario*- (voldoening deur plaasvervanging!). As mense so maklik simbole en allerhande prente van die kruis maak, selfs hangertjies om mense se nekke wat dit afbeeld, wonder 'n mens wat dink die mense nou eintlik. Om dit wat Christus moes deurgaan, die vloek wat Hy moes dra, hoe kan mense hulle daarmee behang. Die verskriklikste wat daar nog ooit in hierdie wêreld gebeur het was die kruisiging van Jesus Christus. Die wonderlikste wat daar nog ooit vir die mens op die aarde kon gebeur as dat Hy dit alles vir ons gedoen het.

AMEN

Vrae uit Sondag 15

1. Op watter stadium van Jesus se aardse lewe was daar vir Hom geen lyding nie?
2. Wie is die oorsaak dat Christus gely het?
3. Wat is die betekenis van die woorde- *satisfactio vicaria*?
4. Wat is een van die sentrale gedagtes in die eerste Petrus-brief?
5. Watter soorte van lyding word vir ons in 1 Petrus 2 en 3 beskryf?
6. Op watter manier kan ons lyding met die van Christus vergelyk word?
7. Watter belangrike woorde staan daar vir ons in Habakuk 3:2? Vergelyk dit ook met Ps.30 en Ps. 103.
8. Hoeveel keer word gewoon aardse mense op hulle name in ons belydenisskrifte genoem?
9. Wat is die betekenis van die woord *enigste* in Sondag 15?
10. Hoeveel keer het Pilatus uitdruklik gesê dat Jesus onskuldig is?
11. Verduidelik die rol van Pilatus in wat met Christus gebeur het? Watter bedoeling het God daarby gehad?
12. Deur wie is Christus ten diepste geoordeel?
13. Watter simboliek sit agter die verskriklike kruisdood?
14. Watter verskriklike gebeurtenis het 'n keer by Baal Peor plaasgevind?
15. Hoekom is Deut.21 en Gal. 3 in die verstaan van die manier hoe Christus gesterf het vir ons belangrik?
16. Het Jesus werklik die lyding van die hel ondergaan?
17. Wat is die verskriklikste wat nog ooit op hierdie aarde gebeur het? Wat is die wonderlikste wat nog ooit op hierdie aarde gebeur het?

SONDAG 15

